# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (29/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick (31 Julie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Computers make it easier to do a lot of things, but most of the things they make it easier to do don't need to be done" Andy Rooney***

## STREEKSKAPASITEIT

Die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf is geografies waarskynlik die mees wydverspreide van alle landbou-kommoditeite. Ek kan nie aan enige ander kommoditeit dink wat strek van Kakamas in die Weste (Noord-Kaap) tot Nkwalini aan die Ooskus (KZN), en van Messina in die Noorde tot die Strand in die Suide (en alles tussenin langs die Ooskus). En met produsente in Swaziland en Zimbabwe wat ook lede van CGA is, is daar 'n groot area wat die CGA moet dek. Toe die sitrusheffing in 2012 hernu is, het produsente besluit dat 'n gedeelte vir die ontwikkeling van die streek se kapasiteit geallokeer moet word. Die begroting laat toe vir die aanstelling van vyf streekskantore. Die sewentien CGA streke is volgens geografiese ligging en volumes wat uitgevoer word, gegroepeer. Die streke is as volg:
**Noord/Wes-Kaap** – sluit die Wes-Kaap (Citrusdal) en Boland streke in; en Oranjerivier. Dit is nogal 'n groot geografiese streek wat verantwoordelik is vir 20 miljoen kartonne of 18% van die uitvoere.
**Oos-Kaap** – sluit Patensie, Sondagsrivier en Oos-Kaap Midlande (Katrivier) in. Die area is verantwoordelik vir die meeste kartonne - 31 miljoen kartonne (28%).
**Ooskus** – dit is die wydste geografiese streek (verantwoordelik vir 13 miljoen kartonne of 11%) en sluit Nelspruit en Onderberg in Mpumalanga in; Swaziland en Pongola, Nkwalini en KZN Midlande (in KwaZulu-Natal).
**Oos-Limpopo** – sluit Letsitele en Hoedspruit in; die tweede grootste area in terme van kartonne (26 miljoen) – (23%)
**Wes-Limpopo** – sluit Senwes (Marble Hall en Groblersdal), Limpoporivier (Weipe, Tshipise) en Zimbabwe in – verantwoordelik vir 23 miljoen kartonne (20%).
Die CGA het administratiewe bestuurders in die streke gekontrakteur om dienste in die vyf streke te lewer: Juanita Niewoudt in die Noord- en Wes-Kaap (e-pos wcape@cga.co.za); Greg Jones in die Oos-Kaap streek (ecape@cga.co.za); Nancy O'Farrell in die Ooskus-streek (eastcoast@cga.co.za); Alexan Coetzer in Oos-Limpopo streek (elimpopo@cga.co.za); terwyl die beampte van die Wes-Limpopo streek hierdie week bevestig sal word.

Die Streeksbestuurders (Administrasie) het Dienskontrakte geteken wat die volgende dienste insluit:
* Skep 'n databasis van alle sitrusprodusente in die streek, insluitend alle relevante kontakbesonderhede, en moet ook toesien dat die databasis op datum bly.
* Skep 'n databasis van ander rolspelers in die sitrusbedryf in die streek, insluitend alle relevante kontakbesonderhede en moet ook toesien dat die databasis op datum bly.
* Stuur korrespondensie na alle relevante groepe in die streek.
* Tref logistieke reëlings (akkommodasie, plekke en spyseniering, ens) vir CGA groepvergaderings wat in die streek plaasvind.
* Verleen hulp tydens streeksverkiesings, insluitend vir CGA Raadsverteenwoordigers, Variëteitsfokusgroep verteenwoordigers en enige ander CGA Groep Maatskappye se vereistes.
* Verleen hulp met reisreëlings vir CGA Groep Maatskappye se streeksverteenwoordigers.
* Verleen hulp met CGA Groep Maatskappye in streeks-inisiatiewe, insluitend maar nie beperk tot die plantbeskermingsproduk verbruik-inisiatief in die streek, koolstofvoetspoor, SIZA, en die WWF Omgewingsstandaard nie.
* Verleen hulp tydens die insameling van die jaarlikse oesskattingsyfers en boomsensusgetalle.
* Hou rekord van inkomste en uitgawes vir die streekskantoor, en
* Ondersteun CGA Groep Maatskappye se streeksverteenwoordigers.

Gedurende die afgelope week het Administratiewe Bestuurders van die Oos-Kaap en die Oos-Limpopo die CGA Comms tool gebruik om 'n boodskap aan elke produsent in hul onderskeie streke te stuur. **As jy 'n produsent in die Oos-Kaap of Hoedspruit of Letsitele is en jy het nog nie 'n boodskap van jou streek se administratiewe bestuurder ontvang nie, laat my of Paul Hardman (ph@cga.co.za) weet sodat ons kan verseker dat jou besonderhede op rekord is. Stuur asseblief vir ons jou PUC kode(s) en relevante kontakbesonderhede, e-pos, selnommer, telefoon en faksnommers. Die ander strke sal volgende week gekontak word.**

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 30 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 16.6 m | 14.3 m | 14.6 m | 13.3 m | 14 m | 15.3 m | 14.6 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 6.5 m | 7.9 m | 7.7 m | 7.2 m | 7 m | 10 m | **9.6 m** | 10 m |
| Suurlemoene | 9.2 m | 12 m | 12.8 m | 10.8 m | 11.7 m | 13.6 m | 13.8 m | 13.2 m |
| Nawels | 22.1 m | 21.2 m | 20.8 m | 18.3 m | 18.4 m | 25.1 m | **23 m** | 26 m |
| Valencias | 14.9 m | 15 m | 15.4 m | 8.3 m | 8.7 m | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 69.3 m | 70.4 m | 71.3 m | 57.9 m | 59.8 m | 113.1 m | 110.1 m | 115.7 m |